Teksgedeelte: Johannes 8:1-11 en Heidelbergse Kategismus Sondag 51

Teksvers: Johannes 8:10-11 en Heidelbergse Kategismus Sondag 51

Tema: Christus verlos ons van die las van veroordeling, sodat ons werklik kan vergewe!

Dit is moeilik vir ons om mense te vergewe. Ons sal baie keer sê dat dit vir ons natuurlik kom, maar as ons mooi daaroor gaan dink, dan besef ons dat die teendeel waar is. Dit gebeur so maklik dat ons sê dat ons iemand vergewe, maar in ons gedagtes hou ons baie keer nog aan om daardie oortreding of seer, wat die persoon veroorsaak het, teen hom of haar te hou.

Ons bid gereeld die Ons Vader-gebed en dan in die besonder bid ons en vra dat God ons oortredings sal vergewe soos ons ook hulle vergewe wat teen ons oortree. Ons bely dan dat dit ons ernstige voorneme is om ons naaste van harte te vergewe, maar dikwels bly dit egter net `n voorneme. Dit vorder nooit verder as net hierdie voorneme nie.

Die vraag is egter: hoekom bly dit baie keer slegs by `n voorneme? Wat skuil agter ons houding wanneer ons nie iemand vergewe nie? Wat is daardie dieper rede wat ons nie altyd wil erken nie; waarvoor ons wegskram omdat dit seer maak om dit te erken?

Ons hoor iets daarvan in hierdie verhaal van Johannes 8:1-11. Daar kom `n groep skrifgeleerdes en Fariseërs by Jesus aan waar Hy besig is om die mense in die tempel te leer. Saam met hulle bring hulle `n vrou wat op owerspel betrap is. Dit is nie maar net enige vorm van onsedelikheid nie, dit is spesifiek owerspel - `n getroude vrou wat `n seksuele verhouding met `n man anders as haar eie man gehad het. Die skrifgeleerdes en Fariseërs staan reg om haar te veroordeel – in hulle gedagtes is die oordeel reeds gefel en nou wil hulle die uitspraak uitvoer. Sy moet gestenig word, want so leer die wet van Moses in Deuteronomium 22 en Levitikus 20!

Tog gee hierdie gebeure vir die skrifgeleerdes en Fariseërs die ideale geleentheid om vir Christus ook vas te trek. Dit is die ideale geleentheid om iets teen Christus te kry, sodat Hy by die owerhede aangekla kan word. In hulle boekies sal die volgende afspeel: stem Jesus in dat sy gestenig moet word, spreek Hy die doodsvonnis uit en kan Hy voor die Romeinse Hof aangekla word, want net hulle mag die doodsvonnis uitgespreek het. Sê Christus “nee”, keur Hy in wese die sonde goed en kon die skrifgeleerdes en Fariseërs Hom by die Joodse Raad aankla omdat Hy nie by hulle wette hou nie.

Die spanning loop hoog en dan kom Christus se antwoord: “Laat die een van julle wat `n skoon gewete het, eerste `n klip op haar gooi!”. Dit is `n bevel! Christus is nie teen die oordeel wat hulle gefel het nie, maar hierdie oordeel moet uitgevoer word deur iemand wat `n skoon gewete het; iemand wat sonder sonde is!

Hier vang die skrifgeleerdes en Fariseërs se hoogmoed hulle, want nie een van hulle het opgetree volgens die wet van Moses nie! Nie een van hulle is sonder sonde nie! Eerstens was dit die hoëpriester van die Joodse Raad se opdrag gewees om regspraak te lewer – hulle mag dus nie vir Christus hierdie vraag gevra het nie! Tweedens, volgens Deuteronomium 22 en Levitikus 20, moes die man saam met die vrou veroordeel word en nie net die vrou nie – hulle dink met hoogmoed oor die rol van `n man. Derdens, volgens Deuteronomium 17, moes die ooggetuies begin om die doodsvonnis te voltrek en nie almal van hulle wat haar wou stenig was ooggetuies nie!

Christus is dus nie gekant teen die vonnis nie, maar teen die hoogmoed van die Fariseërs en skrifgeleerdes wat die vrou wil veroordeel, sonder om enige vorm van vergifnis vir haar te gee! Stom, verslae moet hulle omdraai en wegstap. Ontbloot van die sonde en hoogmoed wat diep in hulle broei. Hulle het hullself hoër geag as die vrou wat op owerspel betrap is, bloot omdat hulle nie owerspel gepleeg het nie. Hierdeur mis hulle die sondes wat nog diep in hulle broei en maak hulle sekere sondes erger as ander. Hulle mis dat alle sonde teen God se wil ingaan.

Tog beleef ons Christus se genade in hierdie gedeelte! Ook Hy veroordeel nie hierdie vrou nie, want Hy weet dat Hy nie deur die Vader na hierdie wêreld toe gestuur is om te veroordeel nie, maar om vry te spreek. Ook hierdie vrou is een van die verlore skape van die huis van Israel en dit is vir haar wat God sy Seun na die wêreld gestuur het. Hy sou ook vir haar sonde sterf.

Juis daarom dat Hy haar oproep om nie meer te sondig nie! Uit dankbaarbaarheid vir die vryspraak wat Hy vir haar gegee het, moet sy nou gaan lewe soos God wil hê sy moet lewe. Sy moet vergewe en nie veroordeel nie, omdat sy vergewe is en nie veroordeel is nie. Sy is verlos van die las van veroordeling, sodat sy kan lewe volgens God se wil.

Baie keer is die vergifnis wat ons vir iemand gee slegs ons woorde en nie ook ons houding en gedagtes oor daardie persoon. Dit is só omdat ons baie keer vergeet dat ons in hierdie lewe die rol van die vrou speel. Ons vertolk egter baie keer die rol van die skrifgeleerdes en Fariseërs deurdat ons meer dink van onsself. Ons kyk die sonde in ons eie lewe mis en word vas gevang in ons geestelike hoogmoed. Al erken ons dit nie met ons woorde nie en nog minder in ons harte, dink ons dat ons beter is as ander mense om sekere redes.

Ons mis dan die feit dat ons in wese self ook veroordeel sal moet word. Ons mis dat ons ook met sonde in ons lewe sit. Ons mis dat dit God gevat het om Sy Seun vir ons te laat sterf, sodat ons nie meer tot dood veroordeel sou word nie!

Dit is eers wanneer ons die genade in ons verlossing begin beleef – werklik beleef – wat ons iemand van harte kan vergewe. Dit is wanneer die Heilige Gees hierdie besef van God se onbeskryflike genade in my hart wakker maak, wat ek deur die werking van die Heilige Gees daardie persoon kan vergewe en wat ek die saak aan

God kan oorgee om regverdig te oordeel. Christus het ons verlos van die las van veroordeling, sodat ons werklik kan vergewe! Gaan leef daardie genade teenoor ander mense!